

**19 Februarie**

**Nehemia 3**

***Elkeen is verplig om sy gawes gewillig in diens van God aan te wend***

Dit is aangrypend om die verskeidenheid gawes van nader te bekyk wat aangewend is om die muur van Jerusalem te herstel: die apteker (salfmenger) - vers 8; die juwelier (goudsmid) - vers 8; die sakemanne - vers 32; die messelaars sterk in liggaamskragte - vers 3; die dogters van Sallum, dus die susters - vers 12. So is daar onder ons verskillende gawes wat aangewend moet word om in die amp van gelowige bouwerk in God se kerk te doen. Kyk hoe is die bouwerk met ywer aangepak:

Die meeste groepe bouers het "regoor hulle eie huise" gebou. Immers, wesenlike bouwerk van 'n gemeente begin deur bouwerk tuis: huisgodsdien, eerbare huwelik en gesinslewe, ens.

Ons lees egter dat verskillende bouers 'n "tweede" stuk bouwerk aangepak het. Dit is dié wat nog meer doen as wat van hulle verwag word.

Mense, vér van Jerusalem af, het ook kom help. Alhoewel 'n inval in Jerusalem hulle nie direk sou tref nie het hulle tog kom help. So is daar gemeentede wat ver ry om dienswerk in die kerk te kom verrig.

Ongelukkig is daar ook die eerwaarde "vooraanstaandes" (vers 5) wat te vernaam en hoogmoedig is om hulle te verneder om te kom hand bysit as die kerk sy of haar hulp vra. Nee, die ander is geskik om te help - julle eie tyd en kragte is te belangrik.

Wat die Here van ons vra is om soos Jesus Christus, seun van 'n timmerman, sy hemelse Koninkryk vir sy hemelse Vader te help bou - al vra dit die offer aan die kruis. Is u bereid om u deeltjie by te dra - hoe gering ook al? Om iemand op te beur wat jou hulp nodig het; om te help werk as die gemeente, of gemeenskap ietsie van jou vra: om jou tyd en kragte te gee sodat jy ook nuttig mag voel... Dit is die bietjie om die mure van Jerusalem op te bou.

Sing: Psalm 71:1, 2

Ds. N.J. van der Walt (Brits)